



IN KLEUR EN GEUR:

'n Eerste Kwartaal op end

Liewe ,

Ons draf die laaste week van ons eerste kwartaal by KRTS (Kobe Reformed Theological Seminary) in, en kyk dankbaar terug na 'n baie besige en betekenisvolle paar maande.

Nou word die vreugdevure brand gestee, soos wat ons dekaan by Mei-maand se Retraite gedoen het (op die foto hierbo). Want ons somer-vakansie is in sig. Tyd vir uitspan

en laaglê, én vir vars visie vind, voor ons weer skouer aan die wiel moet sit.

Voor ons vertrek deel ek graag twee dinge. Kyk, lees en deel dit asseblief wyer ...

1. 'n [YouTube video](#) (9-minute), wat 'n oorsig gee oor ons onlangse lewe en werk.
2. [Gebedsversoeke](#) (heel onder) om te onthou in die volgende paar weke.

Laastens, or te-kort?kominge:

Nou die dag toe ek vir ons vier-jarige voor slaptyd sê: "Lodewyk, die Here is jou Herder, jy kom niks kort nie", reageer hy verontwaardig-verras, "Is ek dan kort!?"

In dieselfde asem, maar op 'n ernstiger noot, is dit ook nodig om te noem dat Missie Japan se finansiële ondersteunings-netwerk voortdurend moet veg teen tekorte. Die Rand se waarde tenoor die Yen het die afgelope jaar konstant met meer as 30% geval. *Ons vra alle ondersteuners om ook in dié uitdagings nie ons hande te los nie.*

Dankie vir jou belangstelling, meeleving en ondersteuning. Ons waardeer dit!

Vrede,
Stéphan, Carina en kinders

2016 Spring-Summer Snippets



Kliek hierbo en kyk na 'n kort oorsig van ons werk en lewe sedert April vanjaar.

Maak seker jou rekenaar/slimfoon se klank is aan.

Kies 1080p in die reeks van HD-opsies (by "settings" in YouTube).

As daar advertensies verskyn, kliek op die kruisie om dit toe te maak.

MAAK 'N BYDRAE VIR MISSIE JAPAN

Gebedsversoeke:

- Bid asb. vir RCJ Kumamoto gemeente wat voortgaan met broodnodige ondersteuningswerk ná die aardbewing in April. Verál vir mense met wie ons dieper kontak kon maak, wat opnuut bewus is van God se werk in hulle lewens n.a.v. die gebeure.
- Bid saam vir die verdieping van verhoudinge met kinders en hulle gesinne in die omgewing van ons nuwe tuisgemeente, genaamd Kita Kobe. Veral ook vir somerkampe waarheen baie kinders gaan, en vir die eerste keer werklik die evangelie sal hoor.
- Bid asb. vir Gys en Linda Olivier, sendeling-onderwysers van Missie Japan, werksaam in Kochi. Dank die Here saam en bid vir hulle tweede kind, Johan wat op 7 Julie gebore is.
- Ons verlof-tyd is by 'n vakansie-oord vir sendelinge naby Sendai, genaamd Takayama. Daar is geleentheid om met ander sendelinge-gesinne van verskillende lande (sosiale en geestelike) gemeenskap te geniet. Buiten vir preek en Sondagskool verantwoordelikhede is ons los van verpligtinge. Bid asb. vir diep rus na liggaam-siel.
- In September begin die nuwe kwartaal, by die kweekskool en ook in ons

tuisonderrig. Bid asb. vir voorbereidings, vars visie en insig oor ons fokus wat in daardie tyd nodig sal wees.



Copyright © 2016 Mission Japan, All rights reserved.

Jy ontvang hierdie e-pos omdat jy op 'n manier betrokke is by Missie Japan.

Our mailing address is:

Mission Japan
Kita Ku
Shobu Ga Oka 3-1-3
Kobe City, Hyogo Prefecture 651-1306
Japan

[Add us to your address book](#)

Want to change how you receive these emails?

You can [update your preferences](#) or [unsubscribe from this list](#)

MailChimp